

# Saterdag 12 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 19:13–20

Fokusgedeelte: Handeling 19:20  
(Direkte Vertaling)

## Ware bekering lei tot 'n nuwe lewe!

Lukas verhaal 'n humoristiese gebeurtenis. In daardie tyd was daar rondreisende Joodse geestebesweerders wat baie geld verdien het deur bose geeste uit te dryf. Wat God deur Paulus gedoen het, het hulle so beïndruk dat hulle besluit het om die Naam wat hy gebruik, ook te gebruik.

Die bose gees lewer getuienis: “Jesus ken ek, en van Paulus weet ek, maar julle, wie is julle?” Die bose gees weet dat hy nie teen Jesus bestand is nie, maar is nie bang vir hierdie geestebesweerders nie en gebruik sy slagoffer om die besweerders so te verrinneweer dat hulle kaal en verniel weghardloop. Die seuns van Skeva moes ontdek dat Paulus wonderwerke gedoen het deur die werking van die Heilige Gees, en dat niemand die krag kan beheer of dupliseer nie. Die leuen buig voor die majesteit van die waarheid.

Ontslag oorval die Joodse en Griekse inwoners van Efese. Sommige van hulle verbrand selfs hulle kosbare boeke vol toorformules. Die Naam van die Here Jesus word verheerlik! Merkwaardig, Efese, die belangrikste stad van Klein-Asië, word voor die uitdaging van die Woord gestel en “die woord van die Here het kragtig gegroei en steeds sterker geword” (vs 20).

Die seuns van Skeva het Jesus nie geken nie. Hulle wou sy Naam net as toorformule gebruik. Die gelowiges van Efese het egter hulle sonde bely en daadwerklik daarmee gebreek. Ons bely rondom bekering: die afsterwing van die ou, sondige mens en 'n hartlike vreugde in God deur Christus; 'n lus en liefde om volgens die wil van God in alle goeie werke te lewe. Is jou bekering sigbaar in jou lewe?

*Sing: Psalm 48-1:4*

*Ds. S Hibbert (Simon) (Emeritus)*